

# Les 20

Teks: Johannes 8: 12 - 20

## 1. 1. Inleiding

Vandag se gedeelte loop eintlik hand aan hand met Johannes 7: 37 - 39. By die Fees van die tabernakels was die water en die lig belangrike elemente. In Johannes 7:37 verwys Jesus na homself as die bron van lewende water. En hier in vers 12 sê Jesus dat Hy die lig van die wêreld is. Maar wat beteken dit?

## 2. 'n "Ek is" uitspraak

Ek is die lig is natuurlik een van die 7 "Ek is" uitsprake wat gevolg word deur 'n direkte voorwerp in die Johannes boek. Ons weet dat hierdie "ek is" uitsprake aan die Johannes boek sy unieke struktuur gee, terwyl dit baie oor Christus self aan ons openbaar.

## 3. Die lig

'n Mens kry die gevoel dat hoofstuk 6, 7 en 8 baie verwysing het na die volk se omswerwing in die woestyn. Jesus verwys byvoorbeeld na homself as die manna in hoofstuk 6 en die water in hoofstuk 7. Daarom maak dit sin dat Jesus ook na homself verwys as die nie vuur kolom wat die volk gely het in die woestyn. Hierin lê iets van 'n Shekinah heerlijkheid.

Om die begrip Shekinah te verduidelik, hierdie gedeelte uit 'n teologiese woordeboek: Shekinah (Heb. שְׁכִינָה, 'Woning'). Die woord (wat nie in die Ou Testament voorkom nie) word gebruik vir die sigbare teenwoordigheid van God tussen mense. Die verwys na God as 'omswerwend' onder die mense. Die Rabbis het dit dikwels gebruik as een van die plekhouders vir die naam van 'God' in gevalle waar dit wenslik was om 'n antropomorfisme te voorkom. Vandaar kry ons dit in die Targum, Jes. 6: 5 : 'My oë het die heerlijkheid van die Shekinah van die Koning van die Eeue gesien'. Net so word die idees oor die heerlijkheid van God en sy woning onder die mense in die Nuwe Testament in Joh geassosieer. 1:14 ('En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon, en ons het sy heerlijkheid gesien'), en in 'n aantal ander gedeeltes blyk dit soms dat die woord 'heerlikheid' (δόξα) die oortone toon wat verband hou met hierdie Joodse Shekinah.

Verder is hierdie verbintenis van Jesus met lig iets wat ons gereeld in die Johannes evangelie kry lok debat uit onder skrifbestudeerders. Daar is diegene wat dit verbind met 'n antieke vrees vir donkerheid. En dan ook diegene wat dit verbind met die titel vir die messias in die Ou Testament. Of dan natuurlik met die Shekinah beginsel soos hierbo vermeld.

## 4. Die resultaat van die Lig.

Eerstens is dit bedoel vir die hele wêreld, soos in die woorde gesien vir die wêreld in vers 12. Soos in Joh 3:16 ook vermeld, is Jesus se verlossing genoeg vir die hele wêreld. Dit is nie 'n geheim waaroor net een uitgesoekte kultus beskik nie. Ons bely dit ook in die woorde: "Ek glo aan 'n algemene kerk" elke Sondag. Maar amper onmiddelik, in kontras

met die algemene beginsel, sê Jesus die wat my volg sal nie in die duisternis lewe nie. In hierdie persoonlike verhouding word die Heiligheids beginsel weer 'n uitgelig

Laastens sien ons weer dat Jesus lig is omdat Hy volmaak verbind is aan die bron van alle lig, God die Vader.

## 5. Teksverwysing

1. Psalm: 27:1;
2. Psalm 119: 105;
3. Jes. 42:6; 49:6; 62:4;
4. Matthues 5: 14 - 16
5. Markus 12: 41 - 44;
6. Luk 2:32;
7. 2 Kor 4:4;
8. 1 Joh. 1:5;

## 6. Vrae

1. Verduidelik die verskil tussen lig en donker in verband met die geestelike?
2. Hoe moet ons God se teenwoordigheid verstaan vandag?
3. Indien Jesus se Verlossing vir die hele wêreld is, gaan daar dan nog mense na die hel, verduidelik?
4. Hoe goed bewaar u die geheim van Jesus se lig?
5. Hoekom word daar melding gemaak in vers 20 van die offergawekiste?

## 7. Teksverwysings

Cross, F. L., & Livingstone, E. A. (Eds.). (2005). In *The Oxford dictionary of the Christian Church* (3rd ed. rev., p. 1504). Oxford; New York: Oxford University Press.

Utlely, R. J. (1999). *The Beloved Disciple's Memoirs and Letters: The Gospel of John, I, II, and III John* (Vol. Volume 4, p. 81). Marshall, Texas: Bible Lessons International.